19.9 RAPPORT 1 – DEPUTATE JEUGSORG – ALGEMEEN (Art 148)

19.9 REPORT 1 – DEPUTIES YOUTH – GENERAL (Art 148)

A. Prof AJ Coetsee stel die Rapport.
Prof AJ Coetsee tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. **RAPPORT / REPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**1. Matters that the Synod take note of**
1.1 'n Dagbestuur is verkies om dag-tot-dag besluite te neem. Die Dagbestuur bestaan uit die volgende lede: dr AJ Coetsee, di RA Bain, T Diphoko, sr K Bain.	1.1 A Management team was appointed to make day-to-day decisions and comprise of: dr AJ Coetsee, Revs RA Bain, T Diphoko and Si K Bain.
1.2 Aan die begin van 2017 het die Voorsitter 'n beroep na die Teologiese Skool aanvaar. Tydens die vergadering van Februarie 2017 het die Deputate die noodsaak om 'n nuwe Voorsitter te kies bespreek. Die Deputate het geoordeel dat daar nie 'n nuwe Voorsitter hoef gekies te word nie, siende dat hulle termyn amper verstryk.	1.2 The Chairman accepted a calling at the Theological School at the beginning of 2017. The need for a new Chairman was discussed at the meeting of 1 February 2017. The Deputies deemed it unnecessary to elect another Chairman since their term was coming to an end.
1.3 Om koste te bespaar het die Deputate slegs een keer per jaar vergader. Die vergadering in 2017 was dmv 'n telefoonkonferensie.	1.3 The Deputies only held one meeting per year, as cost-savings measure. The meeting of 2017 was held by tele-conference.
1.4 Tydens die eerste vergadering in 2015 het die Deputate, afgesien van die opdragte van die Sinode, indringend besin oor hulle taak en funksie. Ná deeglike bespreking het die Deputate tot die slotsom gekom dat dit vir die Deputate onmoontlik is om alle jeug-werk in die GKSA te organiseer of te fasiliteer. Die taak en funksie van die Deputate is eerder om gemeentes, Klassisse en Streeksinodes te bemag-tig sodat hulle jeugwerk kan doen. Om die plaaslike kerke hierin by te staan, is dit die Deputate se taak om te fokus op kommunikasie en toerusting dmv hulpmiddels. Die Deputate het vroeg in 2015 'n brief aan die kerkverband uitgestuur via dr W du Plessis waarin hulle hierdie vertrekpunt uiteensit.	1.4 The Deputies seriously considered their instruction and function, aside from the instructions from the Synod, during the first meeting in 2015. Upon in-depth discussion, the Deputies concluded that it is impossible for the Deputies to coordinate or facilitate all the youth work for the GKSA. The task and function of the Deputies are rather to empower congregations, Classes and Regional Synods for their youth work. Aiding local churches in this regard requires the Deputies to focus on communication and equipping with resources. The Deputies sent a letter, via dr W du Plessis, early in 2015 to the entire denomination motivating this point of departure.
1.5 Om kommunikasie met gemeentes te bevorder, het die Deputate gepoog om die kontakbesonderhede te kry van 'n	1.5 In promotion of communication with congregations, the Deputies attempted to obtain the contact details of the youth

skakelpersoon met die jeug in elke gemeente. Alhoewel die poging vrugte afgewerp het, was dit slegs gedeeltelik suksesvol. By die laaste vergadering het die Deputate voorgestel dat daar voortaan by die statistiekvorm wat vir elke gemeente uitgestuur word, kontakbesonderhede aangevra word van die kontakpersoon vir die jeug.	care coordinator of every congregation. This attempt was, however, only partly successful and the Deputies decided at the last meeting to request the contact details of such a person on the statistics form sent to every congregation.
Besluit: Punte 1.1 tot 1.5 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.5 noted.**
2. Sake waaroor die Sinode besluit	**2. Matters that the Synod decide on**
2.1 Die taak en funksie van die Deputate Jeugsorg, naas spesifieke opdragte van die Sinode, is om die jeug van die GKSA te bedien deur kommunikasie en toerusting.	2.1 The task and function of the Deputies Youth Care, aside from specific instructions from the Synod, be to serve the youth of the GKSA by means of communication and equipping.
2.2 Die benoemde Deputate dink nuut en kreatief oor hoe hulle die jeug van die GKSA met kommunikasie en toerusting kan bedien.	2.2 The appointed Deputies are to consider anew and creatively how they can serve the youth of the GKSA by means of communication and equipping.
2.3 By die jaarlikse statistiekvorm wat vir die gemeentes uitgestuur word, word die kontakbesonderhede van die kontakpersoon vir die jeug in elke gemeente aangevra.	2.3 The contact details of the youth coordinator be requested on the annual statistics form sent to all the congregations.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.3 goedgekeur.	**Decision: Points 2.1 to 2.3 approved.**